

Titel: Heelhartige oorgawe
Pastor: Sias le Roux
Datum: 3 April 2011
Tyd: 09:00



a: Jesaja 6:1-8

¹ In die jaar van koning Ussia se dood het ek die Here gesien. Hy het op 'n baie hoë troon gesit, en die onderste van sy kleed het die tempel gevul. ² By Hom was daar serafs om Hom te dien. Elkeen het ses vlerke gehad: met twee het hy sy gesig bedek, met twee sy voete en met twee het hy gevlieg. ³ Die serafs het mekaar telkens toegeroep: "Heilig, heilig, heilig is die Here die Almagtige! Die hele aarde is vol van sy magtige teenwoordigheid." ⁴ Hulle het so hard geroep dat die deure in hulle kosyne gerammel het en die tempel vol rook geword het. ⁵ Toe het ek uitgeroep: "Dit is klaar met my! Ek is verlore! Elke woord oor my lippe is onrein, en ek woon onder 'n volk van wie elke woord onrein is. En nou het ek die Koning gesien, die Here die Almagtige." ⁶ Een van die serafs het toe 'n gloeiende kool met 'n tang van die altaar af gevat en na my toe gevlieg. ⁷ Hy het my mond aangeraak met die kool en gesê: "Noudat die gloeiende kool jou lippe aangeraak het, is jou oortredinge vergewe, jou sonde versoen." ⁸ Toe het ek die Here hoor vra: "Wie kan Ek stuur? Wie sal ons boodskapper wees?" Ek het geantwoord: "Hier is ek! Stuur my!"

b: Jesaja en die ongeregtheid van sy kultuur

Definisie:

Ou Testament – "bedrieglikheid", "verdraaiing / perversie"
Nuwe Testament – "wetteloosheid"

- Dit is innerlik en gaan nie oor dade nie
- Dit is 'n toestand / karaktertrek van die hart

II Kronieke 25:2

² Hy het gedoen wat reg is in die oë van die Here, maar nie met sy hele hart nie.

Numeri 32:11-12 OV

¹¹ Waarlik, geeneen van die manne wat uit Egipte opgetrek het, van twintig jaar oud en daarbo, sal die land sien wat Ek aan Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof het nie; want hulle het nie volhard om My te volg nie — ¹² behalwe Kaleb, die seun van Jefúnne, die Kenissiet, en Josua, die seun van Nun; want hulle het volhard om die HERE te volg.

c: 'n Gevangene van ons kultuur se ongeregtheid

- onrein lippe / ondankbaarheid
- vrees
- skaamte en veroordeling
- beheer
- trots
- onvermoë om God te sien
- onvermoë om God se heerlikheid te sien
- onvermoë om God se heiligheid te sien
- geen vrymoedigheid voor God nie
- verhouding in kultuur gebaseer
- geen hart vir die nasies / verlore nes nie

d: Buig die knie en aanbid

Filippense 2:5-11

⁵ Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was: ⁶ Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, ⁷ maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, ⁸ het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. ⁹ Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, ¹⁰ sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, ¹¹ en elke tong sou erken: “Jesus Christus is Here!” tot eer van God die Vader.

e: Gaan na die nasies

Markus 11:17

¹⁷ ...'My huis sal 'n huis van gebed vir al die nasies wees'...

Psalm 2:8-9

⁸ Vra My, en Ek gee volke vir jou as eiendom, die hele aarde as jou besitting. ⁹ Jy sal hulle verpletter met jou ystersepter, hulle flenters slaan soos 'n kleipot.

Mattheus 28:19

¹⁹ Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.